# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

# PhD Publikasies (06260003)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 2 jaar |
| **Totale krediete** | 360 |

## Toelatingsvereistes

?n Kandidaat met ?n MA(Teologie), MTh of gelykwaardige kwalifikasie met ?n minimum finale punt van 65%, word na ?n bevredigende colloquium doctum, met inagneming van die bepalings van Algemene Regulasies G.1.3, G.42 en G.54, tot die studie vir die PhD-graad toegelaat. Met die oog op die colloquium doctum moet die kandidaat ?n voorlopige navorsingsvoorstel inlewer.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.